

12 April - Gawe

Skrifgedeelte: Matteus 25:14-30
Fokusgedeelte: Matteus 25:20, 21

In hierdie gelykenis is die Here die man wat op reis wou gaan, en ons is die werkers. Wat opval, is dat elkeen iets ontvang het. In sy kerk het God niemand oorgeslaan nie. En dit wat jy ontvang het, noem die gelykenis 'n goue muntstuk. Die klem val op goud.

Die gawes wat jy ontvang het om in jou gemeente diensbaar te wees, is iets moois en kosbaar. Jou lewe as lidmaat is nie maar net iets doodgewoon nie. Jy het iets van God ontvang en dit is kosbaar.

Sommiges het egter met hulle gawes wat hulle ontvang het, gaan werk, en ander nie. Die werkendes is lewende, diensbare en betrokke lidmate, maar die ander dryf maar net saam met die stroom. Die gawes behels goue muntstukke, maar gaan dit oor groot en aanskoulike dinge? Nee, die eienaar het maar net sy besittings verdeel. Dit is kosbaar, maar dit gaan oor diensbaarheid in die normale gang van die lewe. Vir die een gee God die gawe en opdrag om ordelik administratief besig te wees, en 'n ander het die gawe om die lewe kunstig mooi te maak. 'n Ander het die bekwaamheid om met 'n hart vol warmte mense met gasvryheid in te trek en tuis te laat voel. Ander is weer besig om te troos, om te bemoedig, om onderrig te gee of om met geestelike leiding op te bou.

Daar was ook diegene wat hulle goue muntstuk gaan begrawe het. Hulle is die saamdrywendes in die gemeente wat niks doen nie. Die gelykenis sê dat hulle geen liefde geken het nie, want hulle verweer is dat God iemand is wat streng, eisend en sonder liefde is. Hulle verstaan Hom so, omdat hulle nog nooit liefde geken het nie. Hulle lewe is nog nooit deur God se liefde aangeraak nie.

Iemand sonder liefde is bang, lui en vol verskonings – “Ek het dit begrawe.”

Sing: Skrifberyming 12-2:4 en 5

Dr SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)